
GELOOF
In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons



FAITH
In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt

POSBUS 112, STANGER, 4450 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411

Die Leerstellings van Christus— Die Grondslagvan ons Geloof (deel 2)

Die Grondslag van die leer van Christus, berus op geloof in en die toepassing van die leerstelling van Christus. Ons vind in Heb. 6:1-2 'n mededeling van hierdie basiese beginsels van Christus se leerstelling.

"Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel." Die Engelse King James Bybel is baie meer akkuraat en beskrywend. **"therefore leaving the principles of the doctrine of Christ, let us go on unto perfection….. "**

Ons vind hier ses dinge wat die beginsels van Christus se leerstelling bevat. Ons word ook meegedeel dat indien iemand een ontken of verwerp, hy sy deel in die liggaam van Christus in gevaar stel. Hierdie ses beginsels is die volgende: bekering van dooie werke; geloof in God; leer van die doop (doctrine of baptisms – Engels, die MEERVOUD is gebruik); handoplegging; opstanding van die dode; ewige oordeel; die voortgaan "na volmaaktheid."

"..In die Groot Opdrag verwys Jesus na die oplê van hande. Hy het Sy dissipels beveel om hande op die siekes te lê vir hul genesing…"

Leerstelling 4 - Handoplegging

Die volgende basiese beginsel van Christus se leerstellings is die oplê van hande. Dit is vir `n lang tyd deur die kerk beoefen, maar te veel kere sonder geloof en die salwing van God. In so `n geval is dit slegs `n gedaante en `n seremonie.

Die oplê van hande was `n leerstelling van die Ou Testament. Josua het die gees van wysheid ontvang deur die handoplegging van Moses, wat hy op die bevel van die Here gedoen het. **Num. 27:18 en 23: Toe sê die Here aan Moses: "Neem vir jou Josua, die seun van Nun,`n man in wie die Gees is; en lê hom die hand op", en hy het hom die hande opgelê en hom `n opdrag gegee soos die Here deur die diens van Moses gespreek het.**

A. Die Hande oplê vir Genesing

Jesus het Sy bediening begin deur hande op die siekes te lê. **"En Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy `n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het. En Hy was verwonderd oor hulle ongeloof…." (Mark. 6:5-6).**

In die Vroeë Kerk was die apostels aan hierdie bevel, in hul bediening, gehoorsaam. **"En deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind" (Hand. 5:12).** Paulus het sy sig terug ontvang toe Ananias hom die hande opgelê het. **Hand. 9:17-18: "En Ananias het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en**

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Die Leerstellings van...)

met die Heilige Gees vervul word. En dadelik het daar iets soos skille van sy oë afgeval, en hy kon onmiddellik weer sien; en hy het opgestaan en is gedoop."

In die Groot Opdrag verwys Jesus na die oplê van hande. Hy het Sy dissipels beveel om hande op die siekes te lê vir hul genesing. **"Op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word" (Mark. 16:18).** Hierdie gebeurtenisse bewys dat hierdie bediening nie net uitsluitlik vir die apostels bedoel was nie. Weereens verwys ons na Mark.16:15-18. Ons lees in vers 17 dat hierdie tekens sal volg op die wat glo. `n Gelowige wat die Naam van Jesus gebruik. Hierdie laaste woorde van Jesus, Sy opdrag aan die Kerk is vir "diè wat glo". Die Woord glo is eintlik 'n werkwoord, en in hierdie konteks sien ons dat die gelowige, die persoon wat regtig glo, sal aan hierdie opdragte van Jesus gehoorsaam wees, en daarop reageer. Hulle sal die Woord doen. **…. Op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word. Nadat die Here dan met hulle gespreek het, is Hy opgeneem in die hemel en het gaan sit aan die regterhand van God. Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Markus 16:18-20.**

B. Handoplegging om die Heilige Gees te ontvang.

Met die uitsondering van die twee eerste spontane uitstortings, is die Heilige Gees deur die oplê van hande ontvang. In Samaria het gelowiges, deur die handoplegging van Petrus en Johannes, die Heilige Gees ontvang. **"En toe die apostels in Jerusalem hoor dat Samaria die Woord van God aangeneem het, het hulle Petrus en Johannes na hulle gestuur. Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang" (Hand. 8: 14 en 17).**

Die dissipels in Efese het die Heilige Gees deur die oplê van Paulus se hande ontvang.

"……het Paulus die boonste landstreke deurgereis en in Efese gekom, en daar het hy sommige dissipels gevind….. en Paulus het hulle die hande opgelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, en hulle het met tale gespreek en geprofeteer" (Hand. 19:1 en 6).

"Hierdie sewe leerstellings van Christus is in werklikheid die geïnspireerde standpunt van ons Christen geloof, alhoewel baie min mense hiermee bekend is of herken die betekenis daarvan."

Die apostel Paulus het self die Heilige Gees deur die handoplegging van Ananias, `n onbekende dissipel, ontvang. **" En Ananias het gegaan en in die huis gekom en hom die hande opgelê en gesê: Saul, broeder, die Here het my gestuur, naamlik Jesus wat aan jou verskyn het op die pad waarmee jy gekom het, sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul word" (Hand 9:17).**

C. Handoplegging vir verskeie bedienings.

Daar is ook handoplegging vir die verskeie bedienings. In Paulus en Barnabas se geval, nadat hulle in gebed en vas op die Here gewag het, het die Heilige Gees hulle vir `n sekere werk afgesonder. Nadat hande op hulle gelê is, is hulle uitgestuur op hul sending.

"En terwyl hulle besig was om die Here te dien en te vas, het die Heilige Gees gesê: Sonder nou Barnabas en Saulus vir My af vir die werk waarvoor Ek hulle geroep het. En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan" (Hand. 13: 2 en 3).

`n Gawe is aan Timotheus gegee deur handoplegging.

"Verwaarloos nie die genadegawe wat in jou is nie, wat jou gegee is deur die profesie met die handoplegging van die ouderlinge" (1 Tim. 4:14).

"Om hierdie rede herinner ek jou daaraan om die genadegawe van God aan te wakker wat in jou is deur die oplegging van my hande" (11 Tim.1:6).

In Timotheus se geval sien ons dat hy die gawe ontvang het, toe hande op hom gelê is, saam met profesie.. Later het Paulus hom vermaan om nie die gawe, wat daardie tyd aan hom gegee is te verwaarloos nie.

Dit is duidelik dat die oplê van hande saamwerk met God. Die Skrif leer egter nie van `n oonoordeelkundige of oorhaastige handoplegging nie. Paulus waarsku vir Timotheus om nie "haastig iemand die hande op te lê nie" (1Tim. 5:22). Timotheus was `n bekeerling van Paulus en was onder sy bediening. Paulus het Timotheus se agtergrond geken asook sy moeder en ouma se geloof (11Tim.1:5). Hy het hierdie dinge geweet voordat hy hande op Timotheus gelê het.


Slegs die Heilige Gees gee gawes vir die bediening. Dit is Sy voorreg. **"Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil (1Kor.12:11).** Die uitdeel van die gawes behoort aan God.

Die mens moet die inisiatief

(Vervolg op Bl. 6)

PRAISE

The Heart of the Feast of Tabernacles



year 2004, we rate the Feast bernacles as d in Lev. from the September — October. From 23:2 we understand that the asts of the rd were instied by God and in verse 41 of chapter 23, we read that they are everlasting statutes. These Feasts were celebrated by God's people gathering together, to worship Him and praise and thank Him for His goodness and provision.

Jesus celebrated this feast and we read in John chapter 7 that He made some of the most profound and far reaching statements of His entire earthly ministry while attending the Feast in Jerusalem. On the 7th day of the Feast, as the water ceremony reached its climax, Jesus stood and cried: **"If anyone thirsts, let him come to Me and drink. He who believes in Me, as the Scripture has said, out of his heart will flow rivers of living water." (John 7:37-38).** Most Biblical scholars agree that it was during the time of the feast of Tabernacles, (September) that Jesus was born. We read in John 1 verse 14: **And the Word** (Jesus) **was made flesh, and dwelt** (tabernacled) **among us, (and we beheld His glory, the glory of the only begotten of the Father,) full of grace and truth.** Many believe that it is most likely to be during the time of this special feast of the Lord that Jesus will return! These two events are sufficient reason alone for us to rejoice and to celebrate, but in addition to them, it is a COMMAND of God the Father that we MUST be glad and joyful! God knows that it is needful for His people to celebrate and rejoice at given times, because that is our strength. Therefore there is one theme and one theme alone which permeates the entire Feast of Tabernacles – , during the 7 years of fulfilment for the Feast, during the many centuries that the Feast has been celebrated on the earth, and that theme is PRAISE! Praise to the Most High God for who He is - the eternal I AM, Almighty God of Heaven and earth!

Praise for His magnificent deeds on our behalf! The Bible tells us that we enter His gates with thanksgiving in our heart and we enter His courts with praise. Praise Him for the promises He will fulfill in our lifetime! Praise Jesus for all that He is in our lives today all He has done for us on the cross! Let us recognise that praise is vocal. It is expressive. It is exuberant. It is a physical manifestation. Praise is worshipping with "every fibre of our being." When we praise the Lord, we are not trying to show how religious or righteous we are as Christians. The focus is on Jesus, not upon ourselves. Neither are we in fear of losing our reputations. Praise is realising that we have given everything to the Lord, all that we are, and all that we have, are His. Praise requires complete personal freedom. It requires centring in on Jesus – with no thought for self, fame, fortune or future.

Body language is the foundation for our verbal expressions. It is the most basic form of communication, and God loves our physical expressions of worship unto him, such as clapping our hands. (Ps. 47:1); Shouting unto the Lord (1 Tim. 2:8); Bowing before Him (Ps. 95:6); Singing aloud (Ps. 149:5).

Praise is an utterance. It is never done in silence. You may have quiet times to meditate upon His Word. You may sit silently in His presence with awe. But the very nature of praise is a loud joyous celebration. In fact, the name "Judah" – from which the word Jews originates – means "praise to God, celebrated" in the Hebrew language. God has desired from the beginning that the leaders of His chosen people on the earth would be people whose mouths were filled to overflowing with praise. It is Judah that was the tribe encamped at the entrance to the Tabernacle of Moses. It is Judah who led in battle, with singers and dancers leading the way. Praise overcomes the enemy. (Psalm 8:2; Psalm 49:6-9). Praise softens our hearts. Praise frees us in our personalities and in our relationships with others. Praise is for EVERYONE. It requires no great skill in singing or praying. It is spontaneous, unrehearsed outbreaks of rejoicing. Praise is often accompanied by music. Read praise worship at the time of the Psalmist. The instruments used were the lute, trumpet, harp, timbrel, stringed instruments, flutes, loud cymbals, high sounding cymbals (Psalm 150). Today we do not seem to have a problem when it comes to praising man, but become inhibited when it comes to voicing praises to our God.

Praise is for today. Praise is for you! And because praise is first and foremost a personal matter, you can rest assured that you can keep the Feast of Tabernacles in your own heart no matter what those around you maybe doing. Your family can keep the Feast, even if nobody else in the neighbourhood understands. Your community or church group can keep the Feast, even though it may be an unknown activity in the rest of your nation.

The feast of Tabernacles, also known as Succoth, is a much larger celebration than any one church group… or denomination… or nationality. It is a festival that cannot be boxed in, labelled, and shelved as belonging to any particular place, denomination, or group.

It is a celebration that can reign in the hearts of any believers any place they find themselves on the earth during the coming years. Praise cannot be contained. Praise can come from any vessel yielded to the Lord. Jesus is always central to our praise. (Revelation 5:12)

Praise is an attitude and an action. It is also an atmosphere that you can create around yourself. Those individuals who personally dwell in a "Succoth of praise" will have their mind "stayed on God" and the

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Feast of Tabernacles…)
promise to them is perfect peace.

As you go about your daily activities, keep praise music filling your mind. Have it playing by radio, record or tape – in your home and car. Sing along! Memorise verses of Scripture and quote them aloud as unto the Lord as you go about your daily chores. Create a "dwelling space" of praise around you!

With an attitude of praise, begin to make up your own songs to the Lord. This may mean adding a simple melody to a psalm that you have memorised. It may mean taking a praise expression, such as "hallelujah", "hosanna", or "praise the Lord" and adding a line of melody to it. You don't need to be concerned about making up lines that rhyme. You don't need to be worried about musical composition. Any melody and any words you choose can be a praise offering to the Lord. Become accustomed to hearing the sound of our own voice lifted in praise. Even though these simple praise expressions may not "sound right" to you at first, keep praising! It is always pleasing to the Lord.

Also sing in your personal prayer language given by the Holy Spirit. Sing in the Spirit for a while, and then sing in your own language for a while. (1 Cor. 14:15)

Even when you don't feel like praising the Lord, read and sing praises anyway! This is a time for absolute obedience, regardless of how you feel. As you read and sing, the feeling of love for Jesus and His joy for you will overcome you and wash away the anxiety and frustrations you are experiencing.

We praise the Lord in remembrance of what He has done for us. We praise Him for our protection, because we can trust God to protect us in all circumstances. We have the name of Jesus to use in withstanding our enemy, Satan. We need only to read Psalm 91 in order to take courage in God's promised protection.

We praise Him for His provision. He provided for the children of Israel in the wilderness, food, water, clothing and health. Their shoes did not wear out, and what He did for them, He will do for us as His children. As believers today, we can know God's promise of provision in our lives. On the natural level, we too can trust God to provide the food, water, clothing, freedom from disease and shelter we need during the coming years. We can trust Him to provide ways to escape the plagues and pestilences that now exist. We can trust Him to provide safety for us and our families.

We can also trust God to provide the spiritual nourishment that we require – to give us fellowship, access to His Word, and refreshment in His Holy Spirit. We can also trust Him to provide in us the fruits of His nature as we work and labour in His fields. Above all we can trust in the fact that **Jesus does not change…..yesterday…..today….forever! Heb. 13:8.**

We praise Him for His promises, which are yea and amen, because His Word is forever established and He assures us that He and His Word are One. Jesus is the Living Word, and because He never changes, neither does the Word of God. We can be assured that God will never break His Word, nor will it return unto Him void, but it will accomplish that which it is meant to do. You can, with great assurance and trust, rely on His unfailing promises. Of course, the ultimate fulfilment of His promise will be the appearance of Jesus, our Messiah returning, firstly, for His Bride, with the Rapture, and then with His Second Coming in triumph, as King of kings and Lord of lords.

The Feast of Tabernacles speaks prophetically of the return of Jesus, so let us be glad, and rejoice, and as we celebrate the Feast of Tabernacles this year! Let us make a quality decision to become a praising people!

We pray that you have a joyous Feast, as God has created us with a desire to celebrate. He wants, and has always wanted His people to be glad in their hearts, filled to overflowing with joy.

(Kry ons boek "Die Feestye van die Here", net beskikbaar in Afrikaans) D

Spesiale GENESINGSDIENSTE by die Christelike Sentrum op die volgende Vrydae:

1ste en 22ste Oktober 2004
5de en 19de November 2004

Genesingsdienste begin om 8.30vm.
Vir onvoorsiene kansellasies, skakel ons asseblief vir bevestiging van dienste op bogenoemde datums. Verstrek ook asseblief u naam en telefoon-nommer ingeval dit nodig is dat ons u moet kontak om ander reëlings te tref.

uit ons possak

Beste dr. James en span

Graag getuig ek van 'n wonderwerk wat die Here God vir ons gedoen het en hoe Hy mense opgerig het om te bid. Op 14 Feb. 2003 was ons seun Renier in 'n ernstige motorfietsongeluk. Ek en my man was in Pretoria vir my ma se 80ste verjaarsdag en ons het toestemming gegee dat hy die 3 dae wat ons weg sou wees, met die motorfiets mag skool toe ry. Hy was in sy matriek jaar, en het groot toekoms planne gehad. Renier het agter in 'n stilstaande trok vasgery wat op 'n hoofweg na Bloemfontein in die ryvlak parkeer was sonder enige waarskuwingstekens.

Van die oomblik dat hy daar langs die pad gelê het, het die Here mense opgerig om hom help en by te staan. Ons het terug gejaag van Pretoria af terwyl dokters begin opereer het. Ek het die Sentrum gebel en gevra dat dr. James en sy span sal bid. Orals reg deur die land het mense vir ons seun gebid. Hy het 17 beenbreuke gehad, 6 eenhede bloed ontvang en 'n eenheid bloedplasma. Ses dokters het gelyktydig geopereer. Sy regterbobeen was vergruis en sy regterenkel was vergruis met lelike oop fraktuur. Sy regterarm was op 3 plekke gebreek. Vir 8 dae was hy in 'n krisistyd in die I.C.U. Ons het gebid dat hy geen vetembolus sou kry nie. Die Here was so getrou te midde van hierdie geweldige krisis.

Ons het Woord gespreek oor hom veral Ps. 118 vers 17. Ek het byna daagliks na die Sentrum gebel om verslag te gee van sy vordering. Ek het waarlik ervaar hoe die Here ons vasgehou en vertroos het terwyl ons kind daar gelê het, gekoppel aan masjiene. Ek het die Here herinner aan Sy belofte uit Jeremia 1, nog voordat Renier gebore is. Die Here het daarna 2 maal die belofte bevestig in hierdie tyd.

Ons kind het vir dae en weke in die hospitaal deurgebring. Hy moes vel en been oorplantings kry. Ook die radiale senuwee in sy boarm wat ernstig beskadig was, het begin herstel. Dokters het aanbeveel dat hy nie matriek in 2003 moes skryf nie, en dat hy met sy ander hand moes leer skryf, maar God was getrou. Elke keer wat ons gebid en gevra het, het Hy ons verhoor. Renier het sy matriek jaar in 'n rolstoel en later met 'n loopraam deurgebring. Toe hy met krukke begin loop was dit 'n groot dag vir ons almal. Hy het eers met sy finale matriekeksamen op sy eie voete in die eksamenlokaal ingestap. Dokters en mediese personeel het kom kyk na hierdie seun wat so pragtig herstel het. Almal bevestig dat sy herstel 'n WONDERWERK is. Hy het toe wel sy matriekeksamen in 2003 geskryf met die beseerde hand en die grootste verassing was dat hy 5 onderskeidings gekry het! Die Here het vir hom 'n positiewe en dankbare gees gegee en hom vertroos uit veral die boek JOB. Ons as gesin en Renier self het deur moeilike tye gegaan en daar kom baie vrae in jou hart op, maar ek weet dat ons God 'n God van liefde is, en dat Hy nie so 'n wrede ding aan ons kind sou doen nie. Die Satan het gekom om te slag en te verwoes, maar die bloed van Jesus Christus het ons kind beskerm. Al het hy baie ernstig seer gekry, het God sy lewe gespaar, want Hy het 'n roeping op sy lewe, en ons weet dat Rom. 8:28 waar is. Dat als ten goede sal meewerk vir Renier omdat hy God dien en lief het. Ek skryf hierdie getuienis om vir jou wat hier lees te bemoedig. Daar is krag in gebed! Ons het baie wonderwerke aanskou waarop ek nie nou kan uitbrei nie. Weet net dat niks vir God onmoontlik is nie, al is jou omstandighede hoe sleg. Bid en glo! Loof God te midde van jou droefheid. Ek wil dr. James en sy span bedank vir hul liefde en toewyding waarmee hul ons ondersteun het. Dankie dr. James dat jy die gawes wat God aan jou gegee het, gebruik om ander mense wat stukkend is op te help. Mag God julle ryklik seën.

Ronel van der Ryst, Danhof

Geliefde Dr James en al die geliefdes,

Vandat ons die 8ste Augustus by julle was en die wonderwerk ervaar het dat ek die bly ontvanger is van nuwe heupe en rug het dinge net al hoe beter gegaan. Ons het daagliks gegroei in die geloof en ook versterking gekry van die Heilige Gees. Ons lewens is so geseënd dat mens amper nie kan glo dat die genade so oorvloedig is nie. Ons wil net die Naam van die Vader loof en prys en dank dat Hy ons gelei het om so te groei en sterk te word in sy Naam. Van die leesstof wat ons daar geneem het, het ons siele gevoed en ook verder gehelp om die Woord in ons harte te versterk. Ons is elke dag meer in staat om te sê dat ons die Woord in ons gedagtes gevange hou en kan gebruik om daagliks ons dag mee te begin, die dagtaak aan te durf deur te bring, en saans vol vertroue te kan gaan rus.

Vandat ek 'n jong meisie was, so van my 18de jaar af, was ek reeds gepla met 'n rug wat altyd gelol het. Ek kon nooit 'n rugsak dra nie (ek was lief vir stap, kamp en die natuur en moes soms tuis bly as die ander jonges met rugsakke die veld gaan verken het), en vir die grootste deel van my lewe het ek altyd pyn gehad – soms het dit net in graad verskil. Toe ek ouer geword het, moes ek maar gereeld hoor dat ek een of ander tyd onder die mes sal moet beland, maar is terselfdertyd gewaarsku dat dit nie altyd suksesvol nie. Ook het my heupe al hoe strammer en seerder geword en slapelose nagte was dikwels my voorland.

Vroeg in Julie vanjaar het die dokter my meegedeel dat dit nou nie eintlik baie langer uitgestel kan word nie, en dat albei my heupe vervang moet word en dat ek ook 'n rugoperasie moet ondergaan. Dit beteken drie operasies – wat 'n onaangename vooruitsig!

Ek het vroeër vanjaar in een van die maandblaadjies gelees van 'n vrou wat getuig het oor min of meer dieselfde probleem en dat sy deur 'n wonderwerk van die Here genees is. Ek het toe vaagweg daaraan gedink dat die Here dit ook mos vir my kan doen. Daar was egter (volgens my) ander belangriker sake wat my besig gehou het – en dan bid 'n mens ook eerder vir ander as vir jouself. In die Julie weergawe van die blaadjies, getuig

(Vervolg op Bl. 7)

(Vervolg vanaf Bl. 2 - Die Leerstellings van Christus)

neem vir die opwekking van die gawes.

LEERSTELLING 5 – Die Leerstelling van die opstanding

Die vyfde noodsaaklike beginsel van Christus se leerstelling, is die leerstelling van die opstanding van die dode. Hierdie wonderlike gebeurtenis vind gelyktydig met die Wederkoms van die Here plaas:

"Maar, broeders, ek wil nie hê dat julle onkundig moet wees met betrekking tot die ontslapenes nie, sodat julle nie treur soos die ander wat geen hoop het nie. Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring. Want dit sê ons vir julle deur die Woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal voor wees nie. Want die Here self sal van die hemel neerdaal met `n geroep, met die stem van `n aartsengel en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees" (1 Thess. 4:13-17).

Jesus het dit Sy leerstelling gemaak toe Hy van die opstanding van die dode in Joh. 5:28-29 gepraat het.

"Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar kom `n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling."

Die volgorde van hierdie opstandings word in Openbaring 20 geopenbaar. Die leerstelling van die opstanding van die regverdige ontslapenes en die gelyktydige gebeurtenis, die Wederkoms van Christus, is `n noodsaaklike beginsel van Christus se leerstelling. Christus het van hierdie gebeurtenis in Matt. 24:30-31 gepraat.

Die wonderlike waarheid van die opstanding van al die ontslapenes is bevestig en bewaarheid deur die opstanding van Jesus Christus (1 Kor.15:12).

Ons lees in Rom. 11 vanaf vers 11, dat Israel op die oomblik, om die heidene (wat na ons – nie-Jode verwys) se ontwil, deur God verwerp is. Dit is totdat die volle getal heidene in die Koninkryk van God gekom het (vers 25). Paulus sê in vers 15 van Rom. 11: **"Want as hulle verwerping die versoening van die wêreld is, wat sal hulle aanneming anders wees as lewe uit die dode?"**

Wanner God die oë van Sy uitverkore volk nl. Israel open, sal hulle Jesus as hul Messias herken, in die Bybel staan dat **"hulle sal sien in wie hulle gesteek het" (Joh.19:37).**

God se aanvaarding van hulle, volgens Rom. 11:15, sal " lewe uit die dood" wees. Die opstanding van die dode! Hulle sal Jesus as hul Messias aanvaar en lewe! Ons lees ook in Rom. 11:26 " en so sal die hele Israel gered word."

LEERSTELLING 6 – Leerstelling oor die Ewige oordeel

Hierdie heilige waarheid is `n noodsaaklike deel van Christus se leerstelling. Christus het die werklikheid van ewige verdoemenis geleer, of oordeel (Mark. 3:29). Hy verwys na `n ewigdurende vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is (Matt. 25:41). Hy het van ewigdurende straf vir die slegtes gespreek (Matt. 25:46). Diegene wat die belangrikheid van die waarheid verkleineer of die ewigheid van die oordeel van God ontken, is van dieselfde gees as wat Satan is, wat reeds in die Tuin van Eden die eerste leuen vertel het. "Jy sal verseker nie sterf nie."

LEERSTELLING 7 – Leerstelling van volmaaktheid.

Die skrywer van die Hebreërs boek, verklaar dat hierdie ses beginsels van Christus se leerstelling nie volledig is nie. Daar was een meer – Christene moet "aangaan na volmaaktheid." Hulle moet verder gaan of sterf. Alhoewel niemand reeds volmaak is nie, behoort elkeen hom/haar aan te spoor na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.

Filp. 3:12-14: "Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Jesus Christus gegryp is. Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."

Nou, wat het ons alreeds bereik, strek ons ons uit na die hoë roeping in Christus Jesus? Hierdie is die leerstelling van Christus, want Hyself het gesê, **"Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is" (Matt. 5:48).**

Hierdie sewe leerstellings van Christus is in werklikheid die geïnspireerde standpunt van ons Christen geloof, alhoewel baie min mense hiermee bekend is of herken die betekenis daarvan. Tog is dit daar, en behoort dit aanvaar te word deur alle gelowiges van die Skrif as die leerstellings grondslag van gemeenskap vir die volgelinge van Christus.

Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, kry ons boeke "Waarom

HERINNERING

Indien u nog nie u nuusbrief hernu het nie, stuur asseblief u plakkertjie aan ons terug, om

(Vervolg vanaf Bl. 5 - Getuinesse)

'n vrou van 'n wonder kankergenesing! Na my dokter se diagnose, besluit my man, ons ry Stanger toe. Nadat ons die afspraak by die chirurg gekanselleer het, het ek alreeds baie beter gevoel, maar Wessel dring daarop aan: Ons moet Stanger toe. Verskeie dokters het deur die jare vir my gesê dat 'n deel van my rugprobleem daarin lê dat my linkerbeen 'n duim ± 3 cm korter as die regterbeen is. Dus was dit nie vir my vreemd toe dokter James dieselfde waarneming gemaak het nie. Die wonderlikste was egter toe ek gevoel het hoe my been groei terwyl die gelowiges rondom my bid en juig en opgewonde raak. Ek was so emosioneel en bly en my stem was dalk baie sag toe ek dit sê, maar Meg (langs wie ek moes sit terwyl Dokter gebid het), het dit gehoor en aan dokter James genoem.

Die jare se verkeerd loop, het die gevoel bewerk dat toe ek daar opstaan, dit skielik vir my gevoel het of my linkerbeen langer was a my regterbeen. Wessel, wat bewus was dat my pyn en ongemak toegeneem het terwyl ons deur die preek gesit het, se oë was papnat toe ek bly hom aansluit. Hy het daar van die sitplek af alles waargeneem, en het later aan my vertel hoe hy bewus geword het van die teenwoordigheid van die Here. Ek kan net getuig hoe ek van daardie oomblik af tot vandag nog nie pyn het nie, hoe ek elke dag beweegliker is, in die tuin soos vroeër kan vroetel, en het selfs al tot almal hier se vermaak met die jong hondjies in die tuin rondgehardloop en speel. Al die eer en lof en aanbidding aan Jesus, die Geneesheer wat vir ons alles aan die kruishout volbring het.

Ek sou baie graag wou hoor van die vrou wat ook die more daar was vir 'n ekseem probleem. Sy is nog altyd in my gedagtes en ek glo dat sy ook teen hierdie tyd met soveel blydskap kan getuig.

Ons bid vir die sentrum, bid vir nog meer seën in die groot werk van die Here wat daar plaasvind, bid dat al julle mensie daar daagliks nog sal groei in Sy wonderlike genade en dat soveel meer mense nog baat sal vind by die Woord wat so reguit gesny word vanuit Stanger.

Mag ons binnekort beleef wat God se volk Israel beleef het net na die tempel in Salomo se tyd gebou was soos beskryf in: 1 Konings 8:10-11.

Baie liefde groete Wessel en Stoffie van Dyk, Steelpoort

Uit DR JAMES SE KANTOOR

Geliefdes in die Here Jesus,

Hierdie is altyd `n spesiale tyd vir my en Meg, want dit is die tyd wanner ons al julle hernuwings vir ons maandelikse nuusbrief kry. Soos ek en Meg die briewe oopmaak, voel dit vir ons asof ons met elkeen van julle persoonlik in kontak is, en alhoewel ons nie die voorreg gehad het om elkeen persoonlik te sien nie, het ons die wesenlike gevoel dat ons een familie in die Here is. Dit is betekenisvol dat ons hierdie maand die fees van Tabernakels vier, waarvan `n gedeelte die insameling van die Herfs oes in Israel is. God se volk is deur die Here beveel om vrolik en verheug te wees, en met hierdie selfde vreugde in ons harte, ervaar ons die betekenis van God se Geestelike oes, soos ons die briewe versamel en elke brief lees wat `n baie spesiale persoon verteenwoordig. Dit is asof ons elkeen van julle individueel besoek, en herinneringe van wonderlike tye wat ons deur die jare, met baie van julle ondervind het, spoel oor ons. Ons het baie kere saam deur vreugde en droefheid gegaan, in alle toestande en omstandighede, met die wete dat ons Hemelse Vader sal deurkom, soos altyd, en wanneer dit gebeur, as `n familie saam te juig. Jy is vir my en Meg baie kosbaar, dus kan jy jou voorstel hoe kosbaar jy vir Vader God is!

Ek voel dat dit noodsaaklik is om jou te verseker van ons Hemelse Vader se liefde vir jou en Sy begeerte om jou op elke moontlike wyse te seën, waar jy ookal mag wees. Jy mag nie altyd bewus wees van Sy teenwoordigheid nie, veral wanneer jy deur moeilike tye gaan of in `n haglike situasie is, maar Hy belowe dat Hy jou nooit sal begewe of verlaat nie. Jy kan Hom volkome vertrou en volkome op Sy Woord staatmaak.

Ons word vermaan om "sonder ophou te bid" en as ons net kyk na al die gebeure wat oral om ons plaasvind, nie net in ons land nie, maar ook in die res van die wêreld, behoort ons te besef dat ons almal al meer behoort te bid. Moenie vergeet dat ons `n Almagtige God aanbid, wat die gebede van Sy kinders beantwoord.

Ons wil jou vir jou volgehoue liefde en steun vir die bediening bedank, en veral vir jou gebede vir ons en die span. Laastens, wil ek jou met hierdie woorde van Paulus bemoedig in **Fil. 4:4: Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal: Verbly julle! ……. want die blydskap in die Here – dit is julle beskutting. Nehemia 9:11.**

Baie liefde groete

Dr James

HOW TO PLACE AN ORDER:
Please indicate the books you require by marking the block next to the title. Then either deposit the amount directly into the banking account (and fax deposit slip and order), or send a crossed cheque or postal order together with your order to us. **NB: PLEASE INDICATE YOUR INITIAL, SURNAME AND TOWN IN THE "REFERENCE" SECTION ON THE DEPOSIT SLIP**

English Books-R4.00

☐ 46 The Accuracy of the Quran?
☐ 55 Christianity or Islam:You decide
☐ M17 What on earth is this Kingdom Theology
☐ M18 Who is part of the Anti-Christ?
☐ M22 Is it right to Judge?
☐ M24 What's the world coming to?
☐ M28 How should a Christian Pray?
☐ M31 Deception in the Name of the Holy Spirit
☐ M32 From the Garden to the Cross
☐ M37 The Dangers of Martial Art
☐ M40 Jesus was not in hell
☐ M44 Prayer and Fasting
☐ M45 Easter and Christmas
☐M47 The Name of our God
☐M50 Charismatic Witchcraft
☐M52 The laughing spirit explained
☐M53 The Real Christian Church and the Misled Christian Church
☐ M56 Victory over the devils attacks
☐ M57 Healing and the Occult
☐ M58 Why must I be Born Again
☐ M59 Is Divine Healing For All
☐M60 How Great is your God
☐M61 Faith as a Mustardseed
☐M62 What does God expect of the family
☐M65—The Power of Forgiveness

English books-R8.00

☐16 God's will for the Healing
☐ 30 Restoration of Praise
☐ 31 Experience the Holy Spirit
☐ 32 Lord's Table and Healing
☐ 33 Baptism and Tradition
☐ 34 God desires to Heal you
☐ 35 Free from fear
☐ 37 The Church en route to perfection
☐ 40 Know your enemy
☐ 41 Testimonies – Vol. One
☐ 43 A Successful Marriage
☐ 49 Error after Revival
☐ 58 Jesus shows the way to Heaven
☐61 What does God demand
☐62 How to bury the past

Tapes-Dr JJ van Zyl—R10.00ea

☐A6 So send I you
☐ A7 Knowing the Will of God
☐ A8 How to receive your Healing
☐ A11 Healed by the Stripes of Jesus
☐ A12 Ministering to the Sick
☐ A13 Only Believe
☐ A15 The Lord's Table and Healing
☐ A16 How to Pray to get results
☐ A18 Beware of Job-comforters
☐ A19 Testimony of Dr. van Zyl
☐ A20 Biblical Faith
☐ A22 The Power of God
☐A25 The Faithfulness of the Father
☐A28 He is Risen
☐A30 Healing through the Cross
☐A33 Holy Cows of religion
☐A34 The Unlimited power of God's Word

Tapes-Various Speakers—R10

☐ D1 The Catholic Church-Dr. Wilson
☐ D7 The Accuracy of the Quran?
☐ D28 Smokescreens
☐ D29 Christianity in Crisis1-H.Hanegraaff
☐D30 Christianity in Crisis2-HHanegraaff
☐D32 God's Promise -Restoration (D.Gericke)
☐D35 Overcoming Fear - Meg van Zyl
☐D36 Freed from Fear - Meg van Zyl
☐D38 The Presence of God – DGericke
☐D42 Heart Pleasing to God - (D.Gericke)
☐D46 Be strong and courageous - (D. Gericke)

BANK DETAILS
Stanger Christian Centre
First National Bank,
Acc No. 53730091667,
Branch code: 220129
Branch: Stanger
Fax no (032) 552 5411

HOE OM TE BESTEL:
Dui asseblief aan die hoeveelheid boekies wat u graag wil bestel in die blokkies langs die titel. Deponeer die bedrag in ons bankrekening en faks/pos die strokie saam met die lys van u bestelling—of stuur 'n gekruiste tjek of poswissel aan ons. **LW: DUI ASSEBLIEF U VOORLETTERS, VAN EN DORP/VOORSTAD IN DIE "VERWYSINGS" SPASIE OP DIE DEPOSITO STROKIE**

Afrikaans Boeke-R8.00 elk

☐ 3-God wil jou genees
☐ 5-Die Tweesnydende Swaard
☐ 6-Oorwinnaarstaal
☐ 7-Ken jou Vyand
☐ 8-nnerlike Genesing
☐ 9-Bybelse antwoorde oor Genesing
☐ 10-Ondervind die Heilige Gees
☐ 11-God se Wil oor siekte
☐ 12-Die Christen en Job
☐13-God eis 'n Heilige Lewe
☐ 14-Vry van Vrees
☐ 15 -Verloor gewig volgens God se Instruksies.
☐ 17-Geloofsbrood vir die Somer
☐ 18-Geloofsbrood vir die Herfs
☐ 19-Waarom sommige nie Genees word nie
☐ 20-Geloofsbrood vir die Winter
☐ 21-Geloofsbrood vir die Lente
☐ 22-Soldaat wees vir Jesus
☐ 23-Laat dieWoord lewe (Bybelstudie bk 1)
☐ 24-Slaankrag in Lofprysinge
☐ 25-Kerk oppad na Volmaaktheid
☐ 26-Die Nagmaal en Genesing
☐ 29-Wat moet ons doen Broeders
☐ 36-'n Suksesvolle Huwelik
☐ 38-Getuinesse – Vol Een
☐ 39-Getuinesse – Vol twee
☐ 42-Getuinesse – Vol Drie
☐ 44-Die Karakter van God
☐ 45-Die Groot Verleier
☐ 47-WaaromBybel- Enigste Woord
☐ 51-Die Feestye van die Here
☐ 52-Die Wederkoms van Christus in Daniel
☐ 57-Jesus Wys die Pad na die Hemel
☐ 59-God se Ewige Plan vir Israel
☐ 60-Misleiding - Naam van die Heilige Gees.

Mosterdsaad Boekies-R4.00 elk

☐ 2-Geloof soos 'n Mosterdsaad
☐ 4-Paulus se doring in die Vlees
☐ M1-Waarom moet ek Weergebore Word?
☐ M2-Is Goddelike Genesing vir almal?
☐ M3 -Hoe kan ek my finansies verbeter?
☐ M4-Wat verwag God van die Huisgesin?
☐ M5-Kan woorde jou lewe regeer?
☐ M6-Wat sê Woord van God oor die doop
☐ M7-Hoe kan ek verlos word van vrees?
☐ M8-Krag in die doop in die Heilige Gees
☐ M9-Hoe moet ek bid?
☐ M10-Kan ek die duiwel se aanvalle oorwin?
☐ M11-Hoe kan ek my erfenis in besit neem?
☐ M12-Wat is die Verbond?
☐ M13-Wat is die New Age?
☐ M14-Hoe Groot is jou God?
☐ M15-Wie veroorsaak rampe en siektes
☐ M16-Wat is die gevare van Karate?
☐ M21-Mag 'n Christen Oordeel?
☐ M23-Genesing en die Okkult
☐ M26-Wat gaan met hierdie wêreld aan?
☐ M27-Die Drie-Enigheid van God
☐ M29-Wat is die ware Bybelse geloof?
☐ M33-Besluite
☐ M34-Van Edentuin tot by die Kruis
☐ M38-Laat God siekte toe?
☐ M39-Krag van God:Jesus Christus Gekruisig
☐ M40-Jesus was nie in die hel nie!
☐ M41-Hoe belangrik is die Ou en Nuwe Testament van vandag?
☐ M45-Paasfees en Kersfees
☐ M46-Die Naam van ons God
☐ M48-Die Egte en Misleide Christelike Kerk
☐ M49-Wat is die Islam Geloof?
☐ M51-Waarvandaan kom Die-lag-in-die-Gees?
☐ M54-Die Bybel en Siektes
☐ M55 -Vas en Gebed
☐M64—Die Krag van Vergifnis

Bande deur Dr James-R10.00 elk

☐ A1-Die gesag van die gelowige
☐ A2-Ontdek God se Wil
☐ A3-Oorsprong van Christelike Kerke
☐ A9-God die Heilige Gees
☐ A14-Nagmaal en Genesing
☐ A17-Genesingsdiens by die Sentrum
☐ A21-Getuienis van Dr. van Zyl
☐ A23-Die Eenvoud van die Bybel
☐ A26-Struikelblokke (Nr 1 en 2)
☐ A27-Waarom is daar geen oorwinning nie
☐ A31-Die Antwoord vir ons Hoekoms en Waaroms
☐ A32-Die waarheid sal jou vrymaak

Boeke-ander skrywers

☐ 63-Die verbondsteologie in die regte perspektief (Dr Martin Gunther) R8.00

Bande –ander sprekers-R10.00

☐ D3 Die Doop 'n Bekeerde Dominee
☐D19 Genesingsgetuienis van 'n Mediese Egpaar
☐ D27 Rookskerms
☐ D31 Toronto Blessing – Waar of Vals
☐ D37 Toronto Beroering in die kerk – Pst Horak

BANK BESONDERHEDE
Stanger Christelike Sentrum
Eerste Nationale Bank
Rek No. 53730091667,
Takkode: 220129
Tak: Stanger
Faks no (032) 552 5411

If you would like to receive a free copy of Faith in the Word, or place an order, please complete the following and return to us by fax/post.

Name: ……...……..……Surname:… ……..……

Address: ……Code: ……..…..

☐ **NEWSLETTER** ☐ **CHEQUE** ☐**BANK DEPOSIT** ☐ **P/ORDER**

Total: R……

Indien u 'n gratis nuusbrief of 'n bestelling wil plaas, vul asseblief die strokie in met u volledige besonderhede en pos of faks dit aan ons.

Naam: ……...……..……Van: ……..……

Adres: ……..……Kode: ……..…..

☐ **NUUSBRIEF**☐ **TJEK** ☐**BANK DEPOSITO** ☐ **POSWISSEL**

Totaal: R……